

Sing vooraf: Psalm 118:12 (p. 579)

- 12 Dit is die dag deur God verkore, / die feesdag aan Hom toegewy.
Laat ons, met psalms uit vreug gebore, / ons in die God van heil verbly.
Ag, HEER, gee nou u seëninge; / gee voorspoed, HEER, op hierdie dag –
dit is die dag van grote dinge, / die gloriëteken van u mag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 31:15 (p. 147)

- 15 Hoe groot is, HEER, u seënstrome / vir wie opreg van gees
wil wandel in u vrees! / Hoe groot die vreugde van die vrome,
as almal klaar bemerk het / die heil wat U bewerk het.

Geloofsbelydenis Apostolicum

Wet

Na die wet bid ons van God om nuwe lewe met Psalm 67:1.

Psalm 67:1 (p. 326)

- 1 Wees ons, o HEER, wees ons genadig / en seën ons by owermoed;
U aanskyn, laat dié weer weldadig / ons koester met sy liefdegloed;
dat vir verste volke / deur ontslote wolke / kennislik kan breek;
nasies met verblyding / van die blye tyding / in hul land kan spreek!

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Doop: Christo en Leane Botha se babaseun: Ruben

Psalm 105:5 (p. 515)

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vriend, / bevestig Hy van kind tot kind.

Skrifberyming 1-1:1, 3 (24:1, 3)

- | | |
|--|---|
| 1 Geseënd sy bo alle dinge die ewige God en Vader! Hy het in die hemel seëninge vir ons in Christus toeberei. Na die besluit, uit Hom gebore en ewig in sy wese vas, het Hy in Christus ons verkore voordat daar tyd of wêreld was. | 3 Tot roem en prys van Gods genade, die grond van ons behoudenis, sing ons nou van sy reddingsdade in Hom wat die Geliefde is. Uit Hom in wie ons nou weer vry is van skuld, deur sy verlossingsbloed, in Hom, in wie die heil berei is, kom seën stroom ons tegemoet. |
|--|---|

Skriflesing: Psalm 28

Teks: Psalm 28:6, 9

Geloofd sy die Here, want Hy het die stem van my smeking gehoor.” (Psalms 28:6 AFR1953)

Verlos u volk en seën u erfdeel, en wees vir hulle ’n herder en dra hulle tot in ewigheid.” (Psalms 28:9 AFR1953)

Al word ons hoe ernstig bedreig deur ’n groot vyand of die selfs die teenstander uit die hel, God lig ons op uit hulle bedreiging en lei ons met sy almag na die land van ware lewe.

Kom ons kyk saam na die volgende dinge wat alles belangrik is vir die verstaan van hierdie Psalm, en ook om die betekenis daarvan vir ons duidelik te maak:

- 1. Die agtergrond van hierdie psalm**
- 2. Die angs van die gelowige**
- 3. Die sondes waarvan in hierdie Psalm gesing word**
- 4. Die Here se Gesalfde bewerk verlossing**

Die agtergrond van hierdie psalm Wat het aanleiding gegee dat hierdie Psalm gedig is? Dit is nie presies seker nie.

- Daar is wel ’n vermoede dat Dawid dit geskryf het in die tyd toe Seba teen hom in opstand gekom het.
- Wat die oorsaak was, is egter nie werklik belangrik nie, want die Psalm is ten diepste ’n afbeelding van elkeen van ons in ons geloofsnood, en van die Here se seker verhooring wanneer ons met die regte bedoelings gaan bid vir sy hulp en ondersteuning.

Hierdie Psalm is as ’n beurtsang gesing deur twee groepe sangers.

- Die eerste keer toe die Psalm gesing is, het Dawid die sang van die een groep gelei.
- Hy en die volk het die een deel van die sangers uitgemaak, terwyl die priesters waarskynlik die ander groep was.

Verder is hierdie Psalm ’n gebed. Die bedoeling van die Psalm is om aan te dui waar mense hulle houvas asook die sin vir hulle lewe kry.

- Die Psalm is gebore uit ’n akute noodtoestand waarin die koning – en saam met hom sy gelowige volk – was.
- As gevolg daarvan het Dawid met sy volk opgetrek tempel toe.
- Daar het hulle voor die Here hulle nood bekla, en by Hom gesmeek vir uitkoms en genade.

Dawid en die groep mense by hom het die Psalm begin deur verse 1 tot 4 te sing waarin hulle hulle nood bekla en die Here vra om die vyande te straf.

- Dit kan natuurlik net gebeur wanneer jou saak so suiwer en reg is dat dit bo alle twyfel die Here se saak ook is.
- Uit vers 2 is dit duidelik dat die bidder en sy groep in die voorhof van die tempel staan en sing.

Die Priesters het daarop geantwoord met vers 5 wat ’n bevestiging is dat die Here die vyande gaan straf omdat hulle nie die Here se saak dien nie.

Die bidder en sy groep het vervolgens met vers 6 en 7 die Here gedank vir die hulp wat Hy hulle gegee het.

Vers 8 is die priesters se bevestiging van die Here se verlossing oor die koning en sy volk. Terselfdertyd was dit profeties van Jesus Christus.

Die koning met sy volk en die priesters het ten slotte almal saam gebid (v. 9) vir die seën van die Here oor die hele volk.

2. Die angs van die gelowige

Die dringendheid waarmee ons bid as ons angs ervaar, kom baie duidelik in die Psalm uit.

- Die Psalm begin met die woorde: “Ek roep U aan, o HERE.”
- Met sterk aandrag vra die digter die Here se aandag, want die digter is in ernstige nood vasgevang.

Het u al alleen gaan sit en diep gedink oor hoe ons ons nood ervaar? Dawid het.

- Sy gevolgtrekking was dat hy nood ervaar soos wat die afgestorwenes, wat hel toe is, die hel ervaar.
- Dit is waarom hy sommer dadelik smee dat die Here nie doof of stom moet wees teenoor hom nie.
- Omgekeerd beteken hierdie gebed dat Dawid van die eerste oomblik af gebid het met die vaste vertroue dat die Here die bidder gaan help in sy nood.

Dawid se gebedsvertroue kom sterk uit in die belydenis dat die Here sy rots is. Dawid doen dit ook in Psalm 18:3. Luister wat bedoel hy as hy die Here sy rots noem:

(18:3) Die HERE is my rots en my bergvesting en my redder; my God, my rots by wie ek skuil; my skild en die horing van my heil, my rotsvesting.”

(Psalms 18:2 AFR1953)

Na hierdie belydenis bid Dawid smekend dat die Here nie doof moet wees en van hom af wegdraai nie (vgl. Miga 7:16).

Die nasies sal dit sien en skaam wees ondanks al hulle krag: hulle sal die hand op die mond lê, hulle ore sal doof word. (Miga 7:16 AFR1953)

- Dit is verskriklik as die Here Hom doof en stom hou teenoor jou en nie met jou wil praat of na jou wil luister nie.
- As die Here Hom van jou afsny, ervaar jy presies die eensaamheid en angs wat die mense in die hel ervaar omdat die HERE hulle verwerp het.

Daarom skryf die digter dat hy word soos iemand wat in die kuil neerdaal (vgl.

Psalm 35:22; Psalm 50:3)

- Ons weet dat die sogenaamde “kuil” ’n waterput was wat hulle in ’n waterlopie uit die rots uitgekap het.
- Dit was ’n peervormige put, met ander woorde dit het ’n smal opening gehad, en dan was dit al hoe wyer na onder toe.
- In reëntyd het daar dan water ingeloopt saam met grond en opdriksels. Die kuil moes dan van tyd tot tyd weer skoongemaak word.
- Daarom verwys Psalm 40:3 na die modderige slyk waaruit die digter opgetrek moes word.

Dit word meermale gebruik as ’n beskrywing van die plek van benoudheid of van ’n plek waar mense wat doodgaan, heengaan (vgl. Psalm 30:4; Psalm 88:5; Psalm 143:7; Psalm 16:10). Soms word die uitdrukking bloot gebruik om te sê dat iemand in groot nood verkeer (Psalm 9:14; Psalm 18:5-20).

Dawid en die volk het voor die Here gestaan en smeeke toe hulle hierdie Psalm die eerste keer gesing het.

- Smeek beteken dat jy dringend en ernstig vra vir genade.
- Hulle het daardie dag nie net met woorde gestaan en smeeke nie.
- Hulle het dit met hulle liggame ook gewys – hulle het hulle hande opgetel en uitgestrek in die rigting van die heiligdom.

Om die hande op te tel met oop handpalms wat uitgestrek is na die hemel toe, of soos in hierdie Psalm, na die heiligdom toe, is 'n baie ou gebruik en word dikwels genoem.

- Die totale doel van die hande optel na boontoe, is om kontak met God te maak, en om die bidder of lofpryser se saak voor die Here te lê.
- Ons lees in Psalm 141:2 en in 1 Timoteus 2:8 en in Psalm 25:1 dat dit 'n houding was waarin soms gesmeek is, terwyl dieselfde houding ander kere ingeneem is wanneer daar gedank en geloof was (Psalm 63:5; Psalm 134:2).

Dawid se gebed in Psalm 28 word konkreter namate die koning en sy volk langer bid.

- Die koning sien dat 'n deel van sy volk hulle oorgegee het aan goddeloosheid.
- Hy vrees nou dat die Here hom en die hele volk gaan verstoot as gevolg van hierdie gedeelte van die volk se goddeloosheid.
- Dit is eienaardig dat die bidder nie reguit vra vir verlossing nie, maar dat hy dit negatief doen: Die bidder bid dat hy nie saam met die goddeloses weggeruk word in hulle straf in nie.

3. Die sondes waarvan in hierdie psalm gesing word.

Dit laat mens wonder: Wát doen die “vyande” wat so erg is dat die Here hulle moet vergeld?

- Vergeld is 'n baie sterk woord wat beteken dat wraak geneem word.
- As die Here wraak neem, kan dit net uitloop op die hel en die ewige dood.

Die goddeloses word van huigelary beskuldig.

- Die implikasie in hierdie vers is baie duidelik: As jy ander mense skynheilig loop en lieg en bedrieg is daar fout met jou verhouding met die Here ook.
- Vers 3 noem hierdie sonde huigelary. Moontlik kan dit verwys na die opstand van Seba teen Dawid (vgl. 2 Samuel 20).

Die skynheiligheid van die vyande word ook geopenbaar – hulle wens mense vrede toe as hulle hulle groet, maar onder hulle vredesgroet broei die onheil.

- Dit is mos die sonde waarteen elkeen van ons ook moet veg: Die hartlikheid van baie mense is soms net 'n mombakkies waaragter daar 'n klomp onderduimsheid en valsheid weggesteek word (vgl. Psalm 62:5).

Dit is oor sulke mense dat Dawid bid dat die Here hulle moet verdelg.

- Hy vra dat die Here hulle moet straf vir dit wat hulle werd is.
- Die straf moet presies eweredig met hulle geloofsbedrog afgemeet word.

Dit laat 'n mens met die vraag: Mag mens bid dat die Here mense moet doodmaak – want dit is presies wat Dawid doen?

- Dawid het in die vaste oortuiging gebid dat die Here die goddeloses gaan doodmaak.
- Uit vers 4 is dit duidelik dat hy geglo het dat dit 'n regverdige vergelding sou wees as die Here hulle uitdelg. Daarom bid hy ook daarvoor.

Die *motivering* vir die vernietiging van die vyande is belangrik: *Die vyande hou nie rekening met die Here en sy wil nie.*

- Die antwoord op die vraag is dus dat jy nie die straf van die Here kan gebruik as 'n vergeldingsmaatreël ten gunste van jouself nie.
- In hierdie Psalm is Dawid 'n profeet wat die wil van die Here oor die vyande van die Here openbaar.

Dawid bid nie uit haat die straf van die Here oor die ander mense af nie.

- Daarom is die antwoord van die priesters so belangrik:
 - Hulle bevestig dat die straf van die Here nie is om ten gunste van Dawid wraak te neem nie,
 - maar dat die Here se wraak is omdat die vyande nie rekening hou met die wil van die Here nie.

Die Heilige Gees gebruik die beeld van 'n huis om die Here se straf uit te beeld.

- Die bidder vra dat die Here hierdie mense nie opbou nie, maar sloop.
- Die beeld van 'n afgebreekte huis vertel iets van die eerloosheid wat die wat in die hel is, vertoon.
 - Hulle dra nie meer die koningsbeeld van die Here nie.
 - Hulle is doellose ruïnes, gesloop van alle waardigheid en nut.

Die motivering vir hierdie toestand is dat hierdie mense nie 'n verhouding met die Here het nie, want hulle steur hulle nie aan Hom nie.

- Daarom moet hulle ook nie deel in die opbouwende seën van die Here nie.
- Dink aan die voorbeeld uit Dawid se eie geskiedenis waar die Here Saul verwerp het, en Dawid opgebou het.

Die teenoorgestelde is ook waar: Waar iemand die wil van die Here uitvoer, word hy deur die Here geseën. Dink maaraan Psalm 20.

In die rede wat die Bybel gee vir die verwerping van die vyande van die Here, lê 'n geweldige sterk appèl op elkeen van ons.

- Ons moet aandag gee aan die eise wat die Here aan ons stel – anders loop ons logieserwys dieselfde pad as die goddeloses.

4. Die Here se Gesalfde bewerk verlossing.

Wat het Dawid ervaar toe hy en sy mense hierdie gebed gebid het? Met ander woorde wat gaan ek ervaar as ek in my nood tot die Here gaan bid? Luister weer na vers 6 en 7:

Geloofd sy die HERE, want Hy het die stem van my smeking gehoor. Die HERE is my sterkte en my skild; op Hom het my hart vertrou, en ek is gehelp; daarom jubel my hart en sal ek Hom loof met my gesang. (Psalm 28:6-7 AFR1953)

Hier word gejubel omdat die die Here die voorafgaande gebed verhoor het.

- Al was Dawid nog besig om te bid, het hy bo alle twyfel gewet dat sy gebed reeds verhoor is.
- In vers 2 het die digter gevra dat die stem van sy smeking gehoor moet word.
 - Nou jubel hy: "Die Here het die stem van my smeking gehoor!"
 - Nou wil die digter aanhou om die Here te loof met sy sang.

Let op dat hierdie jubellied in die middelgedeelte daarvan 'n belydenis het:

Die Here is my sterkte en my skild; op Hom het my hart vertrou en ek is gehelp!

Die priesters en die tempelknegte bevestig die dank en belydenis van die digter. Dit is waar wat daar gesing word: Die Here is 'n Vesting vir sy gesalfde (vgl. Psalm 27:1; Psalm 2:2).

- Natuurlik was Dawid die gesalfde, want hy was op daardie oomblik die gesalfde koning van die Here.
- Daarom was Dawid in sy amp 'n verteenwoordiger van die Ewige Koning – Jesus Christus.
- Dawid het met net 'n gedeelte van sy volk daar gestaan, soos wat Christus as Gesalfde Verlosser met ook net 'n gedeelte van die totale mensdom voor God staan.

Hierdie verwysing na die gesalfde van die Here was dus 'n aankondiging van waar die uiteindelijke verlossing en seën van die Here oor sy heilige algemene kerk vandaan sou kom.

- Op hierdie bevestiging van Dawid en die volk se belydenis en die daarmee saamhangende profesie van die gesalfde, volg daar 'n gebed van almal saam.
- Die laaste vers is deur almal – die koning en sy volk en die priesters en die tempelknegte – saam gesing.
- Werklike bevryding van pyn en ellendes in die lewe kan net wees waar die seën van die Here is.
- Die Here se seën is bestem vir sy gesalfde en sy volk.

Die slot van die Psalm verruim so geweldig dat Dawid met sy volk in die voorhof van die tempel meteens die kerk van die Here in sy volheid word.

- Meteens word die mense in die tempel nie met die naam Israel genoem nie.
- Hulle word nou die volk en die erfdeel van die Here genoem – dit is baie meer as net die Israëliete.

Die feit dat die Psalm afsluit met die woorde dat die Here vir hulle 'n Herder sal wees en hulle sal dra tot in ewigheid, roep die beeld van die kerk in die hiernamaals voor ons op.

- Die woord *Herder* roep ook die wyse waarop ons verlos word op.
- Dit is presies een van die Name waarmee Jesus Homself noem in die Nuwe Testament. Dink byvoorbeeld aan die gelykenis van die goeie Herder.

Jesus sê in Johannes 10:11, 14, 15:

Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.

(Johannes 10:11 AFR 1953)

Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken. Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader; en Ek lê my lewe af vir die skape.

(Johannes 10:14-15 AFR1953)

- Ek is die goeie Herder.
- Die goeie Herder lê sy lewe af vir die skape . . .
 - Ek is die goeie Herder,
 - en Ek ken my eie
 - en word deur My eie geken...
 - en Ek lê my lewe af vir die skape.

Die Herder is terselfdertyd niemand anders nie as die Gesalfde van God wat amptelik verordineer was om die verlossing van God se volk te bewerk en te verseker tot in ewigheid.

- Die ewige herderskap van God het tot openbaring gekom in die lyding en dood van die Here Jesus aan die kruis.
- Daarna het die goeie Herder uit die dood opgestaan en met sy hemelvaart die pad oopgemaak in die hiernamaals in, sodat sy volk Hom kon volg.

Johannes sien die vervulling van hierdie vers:

Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande; en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam! (Openbaring 7:9-10 AFR1953)

Kom ons vat Psalm 28 saam: Ons bid in die vaste geloof dat die Here ons help in ons aardse nood, terwyl ons baie helder besef dat sy regering oor ons teer en groot is: So teer dat dit ons deur die swaarste tye dra en so groot dat dit deur die tyd strek tot in die ewigheid.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 23:1, 3 (p. 107)

- | | |
|--|---|
| 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape en hul laat neerlê in die veld van milde groen, met sagte hand hul lei langs stille waters – so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen: Hy laaf my siel en lei my swakke skrede in vaste spoor van sy geregtighede. | 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, my hoof druipe olie en my beker vloei van wyn, 'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn; dit kroon my lewe met u welbehag; en in u huis, daar bly ek al my dae. |
|--|---|

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 16 September 2007 (oggend)